God hou sy beloftes

TRUEWAY KIDS.COM

Inleiding

Video playlist

Hierdie week se les heg aan Noag se ark se les. As jy dit gemis het, kan jy dit gratis van truewaykids.com aflaai. Hierdie week se les fokus op God se beloftes en getrouheid. Ons teks gedeelte kan gelees word in Genesis 8-9. Sommige van ons belangrikste punte is:

- God hou altyd Sy beloftes.
- Ons moet wag vir God se tydsberekening.
- Ons moet God dank.

Lesgids

Dit is belangrik dat jou kind verstaan wat dit beteken om 'n belofte te maak en te hou. Vra hulle of hulle weet wat ‘n belofte beteken, en gee aan hulle rigting en verduidelik en definieer verder wat ‘n belofte beteken.

Vra of jou kind of hulle dink dit belangrik is om 'n belofte te hou. Deel met hulle 'n tyd wat jy belowe het om iets te doen, maar toe het iets voorgeval, en jy nie jou belofte kon hou nie. Verduidelik hoe God nie soos ons is nie. God is almagtig en niks kan Hom hinder om Sy beloftes te hou nie.

Dink aan 'n tyd wat jy belowe het om iets saam met jou kind te doen en hulle moes wag. Byvoorbeeld, om buite te speel nadat jy die huis skoongemaak het. Deel dat dit soms moeilik is om te wag vir 'n belofte. Noag en sy familie was lank in die ark, maar hulle het aangehou om God en Sy belofte te vertrou om hulle veilig te hou.

God het vir Noag en sy familie gesorg, selfs terwyl hulle gewag het. Dit is vir ons belangrik om God altyd te dank dat Hy vir ons sorg.

Wys vir jou kind 'n foto van 'n reënboog. Hersien die kleure saam met jou kind. Verduidelik dat God die reënboog in die lug geplaas het om ons te herinner dat Hy altyd Sy Beloftes hou.

Leer en herhaal saam: Numeri 23:19 “Watookal God belowe, doen Hy”

Vra jou kind of hulle enige beloftes ken wat God gemaak het. Deel met jou kind van God se ander beloftes uit die Bybel. Hierdie week se kunswerk sluit sewe Bybelbeloftes in. Een vir elke kleur van die reënboog. Die kunswerk kan ook gebruik word om een belofte elke dag te hersien. Maak byvoorbeeld die wolk en heg die rooi op dag een en voeg dan nog een kleur elke dag vir die res van die week by en leer elke dag 'n nuwe belofte.

© 2021 truewaykids.com

Gou het die ark op droë grond geland.

Al die diere het uitgehardloop om die aarde te geniet.

Noag het God gedank omdat hy hom gered het.

God het 'n reënboog in die lug geplaas om Noag te herinner dat Hy altyd Sy beloftes hou.

God hou Sy beloftes

Vir veertig dae en veertig nagte het dit gereën net soos God gesê het.

Noag was veilig in die ark saam met sy familie en diere.

Dag na dag het hulle oor die aarde gedryf.

Na 'n rukkie het die son van agter die wolke uitgekom.

Noag het 'n duif uitgestuur om droë grond te probeer vind,

maar die duif het teruggekom.

Die aarde was vol water.

'n Week later het Noag weer 'n duif uitgestuur.

Hierdie keer het die duif teruggekeer met 'n olyftak.

Noag het geweet die water het genoeg afgegaan vir een of ander land om te verskyn.

Hy het geweet die vloed sou binnekort verby wees.

Speletjies en aktiwiteite

“I-spy” met kleure

Hierdie is ‘n maklike speletjie wat oral gespeel kan word. Begin eenvoudig deur te sê: "I-spy" iets (kleur) en die kind moet raai wat dit is. As jou kind oud genoeg is, neem beurte. Probeer om die kleur te versterk. Byvoorbeeld, as jou kind "bal" reageer, kan jy sê, "Ja, die groen bal."

Sorteer Kleure

Daar is talle maniere om hierdie speletjie te speel. Al wat jy nodig het is ’n versameling van verskillende gekleurde voorwerpe (penne, pom-poms, stukkies papier, boustene, regtig enigiets.)

Teken op ’n stuk papier ’n paar sirkels met verskillende kleurpenne. Vra jou kind om al die voorwerpe uit te sorteer en sit dit in die korrekte sirkel. As jy ’n bietjie meer tyd het, kan jy selfs ’n paar kartonbuise verf, om tonnels te maak vir die voorwerpe om in die korrekte houer af te gly.

Kleur skatte-jag



Teken ’n paar kleur kringe op papier. Vra jou kind om so gou as moontlik een voorwerp van elke kleur te vind. Wenk, dit maak dit baie lekkerder as jy seker maak dat daar voorwerpe van elke kleur in die kamer is.

Reënboog vrugte slaai

Wat jy sal nodig hê: ’n paar deursigtige plastiek koppies en vrugte van verskillende kleure (aarbeie, piesangs, lemoene, bloubessies, kiwi, pynappel ens))

Laat jou kinders jou help om die vrugte te was en voor te berei. Help hulle om een laag van elke vrug in hul koppie te skep of te plaas om ’n reënboog te maak. Mooi, lekker en gesond!

© 2021 truewaykids.com

Kleur Meng

Verf een kleur in elke sirkel en meng dit dan om te sien watter kleur hulle saam maak.



© 2021 truewaykids.com

Inkleur Wedstryd

Pas die vrugte by die regte kleur

© 2021 truewaykids.com

Omkring die een wat nie pas nie

Omkring die verskillende kleure









© 2021 truewaykids.com

Tel die gekleurde vorms





© 2021 truewaykids.com

God se reënboog van beloftes

Wat jy sal nodig hê:

1. Belofte templaat bladsy
2. Karton
3. Katoen balle
4. Gom
5. Skêr
6. Wol of tou



Wat om te doen:

Sny 'n wolkvorm uit karton uit



Bedek met gom

Bedek met katoen wol balle



Knip beloftes uit

Gom onder die wolk



Heg string aan die wolk en hang

© 2021 truewaykids.com

God se Reënboog van beloftes

"Ek het goeie planne vir jou." - Jeremia 29:11

"Ek sal jou rus gee." - Matthéüs 11:28

"Ek sal jou nooit verlaat nie." - Hebreërs 13:5

"Ek is die goeie herder." - Johannes 10:11

"God luister na ons elke keer as ons Hom vra." - 1 Johannes 5:15

"Glo in die Here Jesus Christus, en jy sal gered word." - Handelinge 16:31

"Moenie bang wees nie, want Ek is met jou." - Jesaja 43:5

© 2021 truewaykids.com

3D Reënboog Ark Kunswerk

1. Vir die beste resultate druk op kaart
2. Kleur die prentjie in
3. Laat n grootmens die sirkel en die grys area agter die Ark uit sny
4. Vou in die middel om 3D-prentjie te maak



© 2021 truewaykids.com



God hou Sy beloftes

© 2021 truewaykids.com



© 2021 truewaykids.com

© 2021 truewaykids.com

© 2021 truewaykids.com



© 2021 truewaykids.com

Worship Time

Recommend worship songs. Not produced by Trueway Kids. YouTube Videos to be used for personal use only.

I Am a Promise

https://youtu.be/mwHcb-b6Yuw

Standing On The Promises Of God

https://youtu.be/0F8wWlPYPpk

God Always Keeps His Promises

https://youtu.be/WzrFkvn1LGg

Gebed

Gebruik die kleure van die reënboog om God te dank vir die dinge wat Hy gemaak het.

Byvoorbeeld

Dankie dat God dat U die geel son, die blou lug, die groen gras, ens. gemaak het

Volgende week

Die toring van Babel

If you haven't already done so, sign up to receive future lesson by email.
truewaykids.com/subscribe/

© 2021 truewaykids.com